



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
INSTITUSIONELE KANTOOR

®

## Beleid vir die aanbieding van kortkursusse aan die NWU

<b>Verwysingsnommer</b>	8P/8.2
<b>Aanspreeklike uitvoerende bestuurder</b>	Uitvoerende Direkteur: Onderrig-leer en Adjunkhoof
<b>Eienaar van beleid</b>	Direkteur: Onderrig-leer
<b>Afdeling verantwoordelik</b>	Akademie Ontwikkeling en Steun Bestuurder: Kortkursusse
<b>Status</b>	Goedgekeur
<b>Goedgekeur deur</b>	Raad
<b>Datum van goedkeuring</b>	17 September 2010
<b>Wysigings</b>	
<b>Datum van wysigings</b>	
<b>Hersieningsdatum</b>	Julie 2011
<b>Webadres van hierdie beleid</b>	<a href="http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index.html">http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index.html</a>
<b>Adres op die databasis van die beleid</b>	RMAAVDM r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\8P-8.2-short courses_a.doc

## Beleid vir die aanbieding van kortkursusse aan die NWU

### 1 Aanhef

As 'n voortreflike universiteit in Afrika wat kennis en innovering nastreef, met 'n unieke institusionele kultuur wat gegrond is op die waardes wat die Universiteit onderskryf, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid oor die aanbieding van kortkursusse aan die NWU op 17 September 2010 aanvaar.

### 2 Die doel van die beleid

Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat die aanbieding van kortkursusse deurgaans betroubaar, geldig, aanvaarbaar, koste-effektief en doelmatig is, en tot voortgesette onderrig bydra ooreenkomstig die vereistes van die HOKK, IKAS en verwante NWU finansiële en ander regulasies.

Volgens die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) se dokument **Kriteria en riglyne vir kortkursusse en vaardigheidsprogramme** (2004) is die verskaffing van kortkursusse en vaardigheidsprogramme 'n dinamiese eienskap van die ontluikende opvoeding- en opleidingstelsel van Suid-Afrika. Die doel van die kortkursusse in die algemeen is dus om:

- in terme van koste, tyd, energie en hulpbronne op 'n gestruktureerde wyse toegang tot leer te fasiliteer;
- voortgesette professionele ontwikkeling te bevorder; en
- vaardighede en kennis te verbeter om sukses in 'n spesifieke leerarea te verseker.

Hierdie beleid is van toepassing op alle kortkursusse wat onder die **naam**<sup>1</sup> van die Noordwes-Universiteit (NWU) aangebied word.

Kortkursus-studente kan in die vorm van krediete formele erkenning kry vir die vaardighede en leer wat deur bywoning en suksesvolle voltooiing van die kortkursusse verwerf is. Die Hoëronderwys-Kwaliteitskomitee (HOKK) beskou die bestuur van kwaliteitsreëlings vir kortkursusse as 'n gedelegeerde funksie. Dit impliseer dat hoëronderwysinstellings stelsels in plek moet plaas om volgehoue kwaliteitsbestuur van kortkursusse te verseker. Hierdie reëlings vir kortkursusse vorm deel van die sikliese institusionele oudit deur die HOKK (Kriterium 5). Om hierdie rede is formele reëlings om volgehoue kwaliteitsbestuur van kortkursusse deur erkende verskaffers soos die NWU te verseker van die uiterste belang. Beide kredietdraende en niekredietdraende kortkursusse is aan die kwaliteitsbestuur-reëlings onderhewig.

### 3 Verduideliking van terminologie

Die volgende terme word verduidelik:

#### 3.1 Kortkursus

'n Kortkursus is 'n aanbieding/kursus/vaardigheidsprogram wat minder as 1 200 veronderstelde (studie-) uur van die student vereis, dus minder as 120 krediete. Kortkursusse word nie by die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) geregistreer nie, maar kan as SAKO-eenheidstandaarde geregistreer word.

Alle NWU-kortkursusse moet met 'n unieke kortkursuskode geïdentifiseer word. Hierdie kode word aan IKAS-goedgekeurde kortkursusse toegeken en word as sodanig in die kortkursus administratiewe stelsel geregistreer.

<sup>1</sup> "Onder die naam" behels die gebruik van die NWU se korporatiewe identiteit, tyd, kundigheid en hulpbronne.

### 3.2 Kredietdraende kortkursusse en NKR-vlak

Kredietdraende kortkursusse dra krediete op spesifieke NKR-vlakke. Suksesvolle voltooiing van kredietdraende kortkursusse kan tot die verkryging van 'n geregistreerde SAKO-eenheidstandaard of vergelykbare module lei.

Indien kortkursusstudente aansoek wil doen vir Erkenning van Vorige Leer (EVL) as toegang tot formele kwalifikasies, moet die EVL-beleid en -prosedures nagevolg word.

#### NKR-vlakke

Alle kortkursusse moet op spesifieke NKR-vlakke aangebied word. Die NKR-vlakke wat vir formele akademiese programme gebruik word en op eenheidstandaarde gebaseer is, word vir kredietdraende kortkursusse gebruik. Dit impliseer dat dieselfde vlakbeskrywers wat op formele akademiese programme en eenheidstandaarde van toepassing is, ook vir kortkursusse op spesifieke NKR-vlakke geld. Kortkursusse wat onder die naam van die NWU aangebied word, moet op hoëronderrys-NKR-vlakke aangebied word, behalwe in spesiale omstandighede met spesiale toestemming van IKAS.

### 3.3 Niekredietdraende kortkursusse

Erkenning word gegee aan niekredietdraende vaardigheidsontwikkelingsopleiding, wat ook deel kan vorm van gemeenskapsdiens wat deur die NWU verskaf word. Hierdie kortkursusse en opleiding dra nie outomaties krediete tot geregistreerde eenheidstandaarde of modules by nie [indien kortkursusstudente vir Erkenning van Vorige Leer (EVL) as toegang tot formele kwalifikasies wil aansoek doen, moet die EVL-beleid en -prosedures nagevolg word]. Kwaliteitsversekering vind ook vir die niekredietdraende kortkursusse deur middel van die beleid en prosedures vir kortkursusse plaas. Vir die niekredietdraende kortkursusse wat in kredietdraende kortkursusse omgeskakel moet word, moet die IKAS-aansoekproses gevolg word.

Voortgesette Professionele Ontwikkelingskursusse moet as niekredietdraend beskou word.

### 3.4 Krediete

'n Uitdrukking wat gegee word aan die geraamde veronderstelde ure wat bestee word om die leeruitkomste vir 'n kortkursus te bereik. Een krediet is gelyk aan 10 veronderstelde ure.

### 3.5 Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS)

Die komitee is 'n staande Institusionele Bestuurs- (IB-) komitee wat deur die Institusionele Senaat (IS) en Raad 'n mandaat gegee is om die Programkwalifikasie-mengsel (PKM) en kwaliteitsake te finaliseer. Dit funksioneer op institusionele vlak. Daar is permanente lede asook diensdoende lede. Die volgende funksies word deur die IKAS uitgevoer:

- Dit is deur die IS 'n mandaat gegee en evalueer en keur namens die IB alle nuwe en hersiene programvoorleggings en kortkursusvoorleggings (die totale akademiese aanbiedings) goed;
- Dit formuleer en keur program- en kortkursus-goedkeuringsbeleide en -prosedures goed;
- Dit ontwikkel 'n prosesvloeï van program- en kortkursus-akkreditering vir die balansering van die finale institusionele PKM;
- Dit koördineer en verseker dat behoorlike prosesse gevolg is om die goedkeuring van programme en kortkursusse te verkry; en
- Dit adviseer en hou IB en IS van tyd tot tyd op hoogte van sake rakende die akkreditering van programme, kortkursusse en ander verwante sake.

(Vir verdere inligting rakende die IKAS, sien <http://www.nwu.ac.za> - IKAS)

### 3.6 Kortkursus-eienaarskap

Die eienaarskap van intellektuele eiendom wat deur personeel in die normale loop en bestek van hulle pligte geskep word, berus by die NWU. Wanneer kortkursusse gesamentlik deur die NWU en buitepartye aangebied word, behoort die intellektuele eiendom aan die party wat die intellektuele eiendom geskep het. Indien nuwe intellektuele eiendom gesamentlik ontwikkel word, sal die partye ooreenkom oor die eienaarskap en benutting daarvan.

### 3.7 Kortkursus-bestuurder

Gedesentraliseerde kortkursus-eenhede moet aangewese kortkursus-bestuurders hê. Gesentraliseerde kortkursusse is die verantwoordelikheid van die dekaan van die fakulteit waar die kursus ontstaan het. Die bestuur van bogenoemde sal in samewerking/koördinasie met die kampus-/institusionele kortkursus-koördineerder van die Noordwes-Universiteit plaasvind.

### **3.8 Kortkursus-aanbieder/-dosent**

'n Kortkursus-aanbieder/-dosent kan ekstern (nie in diens van die NWU nie) of intern (in diens van die NWU) wees. Eksterne aanbieders/dosente moet nie deur die amptelike Menslike Hulpbronnestelsel van die NWU aangestel word nie, en so 'n persoon/persone sal ook nie enige vorm van personeelvoordele (byvoorbeeld verlofdae, pensioenfondsbydrae, prestasie- of merietebonusse en so meer) ontvang nie, maar moet in terme van 'n "diensverskafferooreenkoms", soos in klousule 3.7 van hierdie beleid gestel, gewerf, goedgekeur en aangestel word deur die direkteur van die gedentraliseerde eenheid/uitvoerende bestuurder, of dekaan/direkteur van 'n program/afdeling, of goedgekeurde organisasie-eenheid in die geval van gesentraliseerde eenhede wat die kortkursus aanbied.

### **3.9 Assesseringskriteria**

Die prestasie-aanduiders wat gebruik word om die kwaliteit van die studente se prestasie ten opsigte van die leeruitkomst te beoordeel. Kriteria sluit drie prestasievlakke in: ontwikkelend, toereikend en voortreflik.

### **3.10 Interne akkreditering**

As deel van die aanvaarding van die beginsel van gedentraliseerde prosedures (sien 3.3.1), mag interne NWU-afdelings/organisasie-eenhede wat kortkursusse aanbied, aansoek doen vir interne akkreditering as gedentraliseerde en bevoegde diensverskaffers van kortkursusse. Die kriteria vir interne akkreditering word in die kwaliteitsversekeringsbeleid in terme van verifiëring en aanbieding van kortkursusse beskryf (sien 2.13). Die akkrediteringskriteria moet voldoen aan die ouditkriteria van die HOKK, reëlins wat deur beide SAKO en IKAS gestipuleer word, en ander vereistes wat sulke afdelings/organisasie-eenhede kan onderskryf. Sodanige afdelings/organisasie-eenhede moet geakkrediteer word vir 'n tydperk van hoogstens drie (3) jaar. Voldoening aan die vereistes moet deur middel van jaarlikse moniteringsoudits deur IKAS geverifieer word.

Afdelings/organisasie-eenhede kan vir volle akkreditering deur die IKAS aansoek doen. Sien par. 3.3 vir gedifferensieerde kwaliteitsbestuurmaatreëls.

### **3.11 Organisasie-eenhede**

Organisasie-eenhede verwys na enige struktuur binne die NWU wat by die aanbied van kortkursusse betrokke kan wees, of nie kan wees nie. Dit sluit in gedentraliseerde eenhede met interne akkreditering om kortkursusse te verskaf, fakulteite, skole, akademiese departemente of administratiewe departemente wat van tyd tot tyd kortkursusse kan aanbied.

### **3.12 Akkrediteringskriteria**

Kortkursusse moet voldoen aan die vereistes wat bepaal word deur die:

- Wet Op Hoër Onderwys;
- SAKO in terme van eenheidstandaarde en krediete;
- RHO en HOKK;
- NWU;
- Betrokke professionele liggame/rade (statutêr en niestatutêr);
- Institusionele reëls en regulasies.

### **3.13 Kwaliteitsversekeringsbeleid**

Die beleid wat in terme van die verifiëring en aanbieding van kortkursusse opgestel is. Dit sluit in:

- Kriteria vir die interne akkreditering van afdelings/organisasie-eenhede wat kortkursusse verskaf.
- Jaarlikse monitering van bogenoemde akkreditering;
- Jaarlikse ouditverslae soos bepaal;
- Kriteria vir die registrasie en rekordhouding van alle NWU-kortkursusse;
- Verwysing na die institusionele riglyne vir kwaliteitsbestuur.

### **3.14 Geringe veranderinge aan geverifieerde kortkursusse**

Kortkursusse wat by IKAS geregistreer is en geringe wysiging ondergaan, hoef nie weer vir registrasie voorgelê te word nie, tensy sodanige wysigings aan die uitkomst, assesseringskriteria en wyse van

aanbieding van die kortkursus meer as 50% van die oorspronklike goedgekeurde en geregistreerde kursus uitmaak. Indien meer as 50% van die uitkomst, assesseringskriteria en wyse van aanbieding gewysig word, word die kortkursus as 'n nuwe kortkursus beskou en moet dit by IKAS geregistreer word. Kortkursus-name mag nie sonder goedkeuring van IKAS verander word nie.

### **3.15 Aanbieding van ooreenstemmende kortkursusse**

“Ooreenstemmende” kortkursusse word gedefinieer as kortkursusse met dieselfde naam en/of inhoud. Dit sluit in die kursusuitskomste, assesseringskriteria, NKR-/HOKR-vlakke, eenheidstandaarde en krediete/studie-ure. Ingevolge die beleid word 'n permutasie as ooreenstemmend beskou wanneer die wysiging minder as 50% van hierdie aspekte behels.

- 3.15.1 Behoorlike oorlegpleging moet plaasvind voordat ooreenstemmende kortkursusse op dieselfde kampus aangebied word. Die verantwoordelikheid om seker te maak dat ooreenstemmende kortkursusse nie op dieselfde kampus aangebied word nie, berus by die ontwikkelaars, wat die kortkursus-databasis moet raadpleeg. Die verantwoordelikheid vir oorlegpleging met 'n ander skool/fakulteit rakende hierdie saak berus by die skool se direkteur/dekaan. Bewys van sodanige oorlegpleging/n akte van ooreenkoms wat deur al die betrokke partye onderteken is, moet vir kennisname aan IKAS gestuur word.
- 3.15.2 Ooreenstemmende kortkursusse mag op drie verskillende kampusse aangebied word, mits konsultering/oorlegpleging tussen die kampusse vooraf plaasgevind het. Bewys van sodanige oorlegpleging/n akte van ooreenkoms moet vir kennisname aan IKAS gestuur word.

### **3.16 Tender/kwotasie/voorleggings om kortkursusse aan te bied**

- 3.16.1 Behoorlike oorlegpleging moet plaasvind voordat 'n tender/kwotasie vir die aanbieding van 'n kortkursus(se) aan dieselfde kliënt vanaf dieselfde kampus ingedien word ten einde moontlike oortredings van die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (uitskakeling van die onaanvaarbare “double dealing concept”) uit te skakel.
- 3.16.2 Die verantwoordelikheid vir die vasstelling dat ooreenstemmende aansoeke nie aan dieselfde kliënt voorgelê word nie, berus by die tenderaanzoekers van dieselfde kampus, wat die kortkursus-databasis en ander aanbieders moet raadpleeg voordat tender(s)/kwotasie(s) voorgelê word.
- 3.16.3 Tenders/kwotasies vir kortkursusse wat aangebied gaan word, kan aan dieselfde kliënt voorgelê word indien dit op een of meer kampusse ontstaan het. Behoorlike oorlegpleging met die kampus die naaste aan die moontlike toekomstige kliënt moet tydens die tenderaansoekstadium plaasvind as 'n poging om in 'n “gesamentlike onderneming” saam te werk. 'n Poging tot samewerking of bewys van samewerking moet vir kennisname by die institusionele kortkursus-kantoor ingedien word.

### **3.17 Kortkursus-materiaal**

Alle kortkursus-materiaal moet met die kursus se identifikasiekode geïdentifiseer word. Spesifieke bepalinge ten opsigte van outeursreg wat op die materiaal kan bestaan, moet in ag geneem word. Verwys na par.2.6.

### **3.18 Sertifisering van kortkursusse**

Sertifikate vir alle IKAS-goedgekeurde kortkursusse moet deur die studente-administrasiestelsel vir kortkursusse uitgereik word. Die druk van kortkursusertifikate is die prerogatief van die NWU.

#### **3.18.1 Bywoning-sertifikaat**

Dit sal uitgereik word waar slegs bywoning vereis word.

#### **3.18.2 Sertifikate van bevoegdheid**

Dit word uitgereik wanneer formatiewe en/of summatiewe assessering vereis word. Dit sluit die moderering van assesseringstake in, asook die moderering van assesseringsuitslae. Indien die assessering nie suksesvol voltooi is nie, sal 'n kopie uitgereik word en nie 'n bywoning-sertifikaat nie.

#### **3.18.3 Duplikaatsertifikate**

Duplikaatsertifikate sal teen 'n koste uitgereik word. Duplikaatsertifikate sal slegs deur die studente-administrasiestelsel vir kortkursusse uitgereik word.

## 4 Strukture vir kwaliteitsversekeringsbestuur

### 4.1 Kwaliteitsversekeringsprosesse

Die NWU word deur die HOKK erken as verskaffer van kortkursusse op die voorwaarde dat die kwaliteitsversekeringsbestuursprosesse vir die komitee aanvaarbaar is. Gedetailleerde prosesse en prosedures moet deur die institusionele kortkursusbestuurder ontwikkel word en deur IKAS goedgekeur word, terwyl gedetailleerde reëlings getref moet word deur die gedesentraliseerde afdelings/organisasie-eenhede wat kortkursusse aanbied om hulle kwaliteitsversekeringsstelsel te bestuur, indien akkreditering deur IKAS verlang word.

4.1.1 Elke intern geakkrediteerde gedesentraliseerde kortkursus-afdeling/-eenheid moet volgens 'n goedgekeurde "kwaliteitsbestuurstelsel" (KBS) vir daardie afdeling/eenheid optree.

4.1.2 So 'n KBS moet in ooreenstemming met die NWU se Kwaliteitsbeleid wees.

### 4.2 Kampusrektors

Ingevolge die NWU-statuut is die kampusrektor van elke kampus van die NWU aanspreeklik vir die bestuur en registrasie van kortkursusse wat deur sy/haar kampus aangebied word.

### 4.3 Gedifferensieerde kwaliteitsbestuurmaatreëls

Voorsiening word in die proseduredokument gemaak vir afdelings/organisasie-eenhede wat reeds goed-georganiseerde, aanvaarbare kwaliteitsbestuurmaatreëls vir kortkursusse in plek het om deur IKAS as gedesentraliseerde verskaffers van kortkursusse geakkrediteer te word. Erkenning word verleen aan die gedelegeerde verantwoordelikheid wat aan hierdie afdelings/organisasie-eenhede toegeken word. Aanvaarding van gedesentraliseerde prosedures sluit in aanvaarding van gedifferensieerde finansiële reëlings wat vir die gedesentraliseerde afdeling/organisasie-eenheid of interne geakkrediteerde verskaffer geskik is. Hierdie uitsonderings moet deur IKAS goedgekeur word, en kopieë van die toepaslike ouditverslae, soos in die kwaliteitsbeleid beskryf, sal gereeld verlang word.

4.3.1 Gedesentraliseerd: Afdelings/organisasie-eenhede kan aansoek doen vir akkreditering om kortkursusse op 'n gedesentraliseerde basis te ontwikkel, te dokumenteer, goed te keur en te implementeer. Hierdie akkreditering is vir 'n maksimum tydperk van drie jaar geldig en sal daarna op grond van 'n evaluering [oudit] (sien 2.10) deur IKAS hernu kan word. Jaarlikse verifiëring deur IKAS op grond van gedetailleerde voldoening en gereelde moniteringsoudits sal gedoen word. Sodanige afdelings/organisasie-eenhede moet nuwe kortkursusse ten minste twee keer per jaar vir verifiëring, registrasie en rekordhouding voorlê.

4.3.2 Gesentraliseerd: Afdelings/organisasie-eenhede wat nie aansoek doen nie (of onsuksesvol vir gedesentraliseerde kortkursusverskaffingstatus aansoek gedoen het, soos in klousule 3.3.1), sal op 'n gesentraliseerde wyse funksioneer in ooreenstemming met IKAS-goedgekeurde voorgeskrewe kriteria met betrekking tot die registrasie en implementering van gesentraliseerde kwaliteitsbestuur van kortkursusse, geïdentifiseer en bekend as gesentraliseerde kursusse. Al die kortkursusse word vir 'n maksimum tydperk van drie jaar goedgekeur en word deur die aansoekprosedure vir IKAS hernu. Die begroting vir goedgekeurde kortkursusse moet jaarliks hervoorgelê word.

### 4.4 Verifiëring en registrasie van alle kortkursusse

Alle kortkursusse (kredietdraend sowel as niekredietdraend) wat onder die naam van die NWU aangebied word, moet by IKAS geregistreer word om voldoening aan die vereistes te verseker. Dit is ook verpligtend dat alle kortkursusse wat deur IKAS goedgekeur is in die administratiewe stelsel vir kortkursusse geregistreer moet word.

Vir die kortkursusse se administratiewe stelsel, sien

[https://intranet.nwu.ac.za/opencms/export/intranet/html/af/fileplan/student-administration/Registrasie\\_op\\_VSS.pdf](https://intranet.nwu.ac.za/opencms/export/intranet/html/af/fileplan/student-administration/Registrasie_op_VSS.pdf)

### 4.5 Aanbieding van kortkursusse sonder verifiëring deur IKAS

Geen kortkursusse mag aangebied word deur verskaffers van kortkursusse wat nie daarvoor goedgekeur/geakkrediteer is nie. Slegs IKAS-geakkrediteerde gedesentraliseerde kortkursus-eenhede (soos per klousule 2.3.1) kan kortkursusse aanbied voordat dit deur IKAS geverifieer is.

IKAS-geakkrediteerde gedesentraliseerde kortkursus-eenhede is die volgende (teen 2010):

- 4.5.1 Kleinsake-adviesburo (Potchefstroomkampus)
- 4.5.2 Sentrum vir Omgewingsbestuur (Potchefstroomkampus)
- 4.5.3 Sentrum vir Sake- en Bestuursontwikkeling (Mafikengkampus)

#### **4.6 Nienakoming van vereistes – prosedure vir goedkeuring van kortkursusaansoeke**

Daar word vereis dat al die kortkursusse wat onder die naam van die NWU aangebied word, deur IKAS goedgekeur moet word, ook vir kwaliteitsbestuursversekeringsdoeleindes. In gevalle waar aansoeke nie aan die vereistes voldoen nie, moet korrektiewe stappe onmiddellik gedoen word voordat 'n heraanzoek vir verifiëring en registrasie voorgelê word.

#### **4.7 Nienakoming van vereistes – aanbieder van kortkursusse**

Kortkursusse mag deur eksterne aanbieders/dosente en/of NWU-werknemers (bekend as “interne” aanbieders/dosente) aangebied word, mits so 'n eksterne aanbieder/dosent 'n gestandaardiseerde skriftelike ooreenkoms met die NWU gesluit het. 'n Gestandaardiseerde ooreenkoms moet in alle gevalle gebruik word, en as die ooreenkoms beduidend verskil, moet dit deur die NWU se regskantoor goedgekeur word. Alle kampusse moet dieselfde ooreenkoms gebruik. Alle eksterne/interne aanbieders/dosente moet ook 'n kopie van hierdie beleid ontvang, asook van alle ander NWU-beleide en/of riglyne wat met die spesifieke kortkursus(se) kan verband hou.

In alle gevalle van nienakoming van die ooreenkoms sal hierdie beleid, of enige ander beleid van toepassing, of NWU-riglyne, ingevolge die ooreenkoms hanteer word. Nieteenstaande die bogemelde sal hierdie beleid voorrang geniet bo die bepalings van die ooreenkoms en alle geskille tussen die NWU en 'n eksterne/interne aanbieder/dosent sal hanteer word soos in 3.8 hierna uiteengesit word.

Alle gevalle van nienakoming van hierdie beleid of enige ander toepaslike NWU-beleid, riglyne en/of prosedures deur 'n NWU-werknemer, sal ingevolge die dissiplinêre beleid en prosedures van die NWU hanteer word.

#### **4.8 Geskilbeslegting**

Indien 'n geskil sou ontstaan oor enige aspek van 'n kortkursus wat deur 'n eksterne/interne dosent/aanbieder aangebied word, sal die NWU en die eksterne/interne dosent/aanbieder poog om sodanige geskille in der minne en deur middel van *bona fide* onderhandelings tussen hulle te skik, en indien dit misluk, sal die geskil vir arbitrasie verwys word soos hierna uiteengesit word.

Onderhewig aan bogenoemde, sal óf die NWU óf die eksterne/interne dosent/aanbieder die reg hê om enige geskil met betrekking tot 'n kortkursus vir 'n besluit na 'n arbiter te verwys. Sodanige arbiter moet deur die adjunkhoof en direkteur van die NWU se kortkursus-eenheid aangestel word, of op aanbeveling van die betrokke dekaan van die fakulteit waarin die kortkursus aangebied word. Die arbiter moet die houer van ten minste 'n doktorsgraad of gelykwaardige kwalifikasie wees en moet genoegsame navorsingservaring in die betrokke studieveld hê. Die arbiter moet die geskil besleg ingevolge die prosedurele reëls wat deur hom-/haarself neergelê is en die besluit van die arbiter sal finaal wees.

#### **4.9 Finansiële reëlings vir kortkursusse**

Alle kortkursusse moet die finansiële beleide en prosedures van die NWU nakom, asook enige ander reëlings soos deur 'n gemagtigde verteenwoordiger van die NWU goedgekeur. Verwys na die IKAS-proses.

Oorspronklike gegewens: Jacqueline Jansen van Vuuren(10225676) C:\Documents and Settings\Administrator\Desktop\Share dokumente\8P-8.2-short courses\_a.doc  
4 November 2010

Verwysingsnommer: 8P-8.2